

9 Augustus

Skrifgedeelte: 2 Samuel 18:1-19:8

Vermyn die kwaad

Dit gebeur selde dat rekening gehou word met die gevolge van sonde. Al is Dawid se sonde met Batseba en sy moord op Urija vergewe (sien Ps 32), het die gevolge voortgewoek. Eers sterf Dawid en Batseba se eersteling. Amnon verkrag sy suster en ruïneer haar lewe. Absalom neem wraak en vermoor vir Amnon. Absalom skaar op 'n slinkse wyse die noordelike stamme van Israel agter hom en probeer sy pa van die troon stoot. 'n Bloedige burgeroorlog volg. Minstens twintig duisend man sneuwel.

Om alles te kroon, vlug Absalom voor die soldate van Dawid. Sy kop (nie sy hare nie!) haak in die digte takke van die bos vas en hy word die magtelose slagoffer van Joab wat drie spiese deur sy hart steek.

Dit was asof Dawid se smarte net nie einde kry nie!

Het Adam en Eva voorsien watter gevolge hul ongehoorsaamheid sal hê?

Dink (bespreek) 'n bietjie watter verwoestende gevolge die sonde het wat ons dikwels as gering beskou.

Sonde is gevaarlik. Dis nie iets om mee te speel nie. Lank na die sonde woeker die gevolge nog voort. Elke keer het die woorde van die profeet Natan weerklink: "Die swaard sal nooit uit jou huis weggaan nie" (2 Sam 12:10). Gelukkig is daar tog ook genadige uitkoms. Dit is 'n flikkerende waarskuwingslig: "Wie hom nie aan die woorde van God steur nie, sal die gevolge dra; wie eerbied het vir sy geboorte, sal die vrugte pluk" (Spr 13:13).

Sing: Psalm 40:6,8

Ds APC Duvenage (Emeritus)